# WAARHEID EN DWALING

**Maandblad van die Gereformeerde Persvereniging Veritas**

1 Joh. 4:6 "....Hieruit ken ons die Gees van die waarheid en die gees van die dwaling".

Jaargang 3 November 1997 Vol. 33

# BELYDENIS OOR APARTHEID
## 'n Onheilige Ruiltranksaksie

Ideologiese apartheid is 'n sonde, aangesien enige ideologie, veral dié wat Bybels gegrond wil wees, altyd tot die grootste uitwasse lei. Vier gereformeerde lidmate, onder andere Prof. J.H. van Wyk van die Teologiese Skool op Potchefstroom het 'n skuldbelydenis oor die ideologie van apartheid opgestel en in *Woord en Daad* gepubliseer.

Oor die beoordeling van hierdie skuldbelydenis moet mens baie versigtig te werk gaan. 'n Paar dinge moet vermy word. Ten eerste moet die ondertekenaars se bona fides onvoorwaardelik aanvaar word, en hulle kan maar op hulle woord geneem word dat die belydenis vir hulle 'n gewetensaak voor God is. Verder moet die debat hieroor nie op 'n syspoor getrek word in 'n pro- en anti-apartheid teologie nie. Elke keer moet vanuit evangeliese hoek na die sake gekyk word. Hierdie skuldbelydenis van medegereformeerde broeders moet ernstig opgeneem word - en ook dit moet Skriftuurlik beoordeel word. Hierdie artikel wil eerlik toetree tot die gesprek.

### Hoofsaak

Of daar oor die ideologie van apartheid bely moet word, is nie die hoofsaak nie, ook nie voor wie bely moet word nie, wat wel die hoofsaak is waarop hierdie skuldbelydenis rus. En dis hier waar ernstige bedenkinge opduik oor die broeders se skuldbelydenis. As mens die skulderkenning lees, berus dit op twee bene: 'n evangeliese en ideologiese been. Al die dele wat op die Skrif rus, is waar en enige gelowige behoort nie daarmee probleme te hê nie, omdat gereformeerdes bely dat die Skrif die einde van alle teëspraak is.

Een paragraaf steek egter soos 'n seer oog uit en verraai 'n nuwe ideologiese verkankering. Daar word onder ander bely dat: "Ons erken in ootmoed ons skuld aan die skending van fundamentele menseregte en ons aandeel aan die koersloosheid wat daar in krisistye was." Hierdie skuldaanvaarding oor die skending van fundamentele mensregte kan op twee maniere verstaan word.

### Handves

⋆ Ten eerste die vraag: Watter fundamentele regte? Deur watter handves bepaal? Indien bely word dat fundamentele menseregte geskend is soos verwoord in een of ander handves (daar is 'n hele paar), kom die vraag op: Hierdie handveste verklaar onder meer dat die mens die reg het om die (af)god van sy keuse te aanbid. Is die broeders spyt daaroor dat hulle hulle naaste nie die kans gegun het om met afgode te eksperimenteer nie?

Maar omdat hierdie beskuldiging die geloofsintegriteit van die broeders in twyfel trek, wil ons dit nie verder voer nie. Dit sal blote moddergooiery wees. Laat ons aanvaar dat hulle bedoel wat hulle bely dat Christus die enigste weg tot versoening is en dat hulle afgodery veroordeel - ook as 'n fundamentele menseregte-handves dit eis.

### Deel van evangelie

⋆ Die tweede moontlikheid is meer bloedstollend. Dit is dat daar nie met 'n syspoor van 'n handves gewerk word nie, maar dat "fundamentele menseregte" verklaar word as wesenlik deel van

***In hierdie uitgawe:***


⋆ Belydenis oor Apartheid
'n Onheilige Ruiltransaksie
A.L.A.Buys ........ 1

⋆ Prof van Wyk se reaksie ........ 3

⋆ Skrifoordenking:
Die reg van die mens kom van die Here
Ds. G.J. Meijer ........ 4

⋆ Op pad na Sinode 2000
Die kerkraad en meerdere vergaderings
Dr. J.G. Meijer ........ 6

die evangelie van Jesus Christus. Dit impliseer dus dat as mens bely dat jy iemand se fundamentele mensereg geskend het, jy inderdaad die wet van God geskend het. Dit beteken ook dat erkenning van fundamentele menseregte gesien word as die uitlewing van die voorgeskrewe liefdesgebod van God. Is dit wat die broeders bely, dat die ideologie van menseregte eintlik deel is van die evangelie en dat die gereformeerde kerke dit nou maar moet erken - eerder laat as nooit?

## Menseregte die basis

Hierdie beskuldiging oor die skuldbelydenis is swaar en moet darem gestaaf word. Prof. J.H. van Wyk het 'n artikel geskryf oor "Etiek en menseregte" (In die Skriflig 1987, 21 (81):31-39, Maart) waarin hy poog om teologiese grondslae van menseregte in die Bybel te vind. Hy baseer dit daarop dat die mens "AS" die beeld van God geskape is en ook na die sondeval deur God as sodanig behandel word. Hy stel: "Die (gelowige) mens moet gelykvormig word aan die beeld van Christus (Rom 8:29; Fil 3:29), wat immers die beeld van die onsienlike God is (2 Kor 4:4, Kol 1:15)". Oor die beeldskap van die mens redeneer hy dat dit nie net vanuit 'n skeppingsperspektief gesien moet word nie, maar ook Christologies pneumatologies. Verder sien hy dat mens-wees bykans dieselfde is as medemens wees.

Van daaruit trek prof. Van Wyk dan praktiese gevolgtrekkings dat die mens ook sekere regte beskik soos reg op werk, spraak, selfs "armes het die reg om deur hul medemens regverdig en menswaardig behandel te word". Daar word ook verwys na die sinodebesluit in 1985 wat stel dat menseregte soos in die rapport beredeneer, 'n "unieke bydrae vanuit gereformeerde gesigspunt bevat".
Maar is fundamentele menseregte gereformeerd soos wat beweer word? Die implikasies - as hy reg sou wees - is verreikend, nie net vir die teologie nie, maar ook vir kerk en samelewing.

## Bevel of innerlike reg

Subtiel het hier 'n skynbaar onbelangrike klemverskuiwing in die gereformeerde manier van eksegese gekom. Die klem het van God na die mens verskuif. Die verskuiwing kan egter nie met vindingryke eksegese versteek word nie. Die verskuiwing is daarin geleë dat die reg van God stilletjies uit sy hand gesteel word en in die geskape mens geplaas word. Om dit met 'n voorbeeld te staaf: prof. Van Wyk sê: "Die mens het van Godsweë dus 'n reg op arbeid en dit wat hiermee saamgaam: arbeidsgeleenthede, arbeidsvervulling en arbeidsvreugde. Onbillike werkreservering kom dus neer op 'n aantasting van 'n Godgegewe mensereg."

Baie fyn is die aandag weggetrek van God wat sê: Ses dae MOET JY (dit is elke mens) arbei" na "EK het die REG om te werk." God se reg om sy skepsele te beveel om iets te doen, word nou "uit sy hand geneem" en volledig in die mens geplaas. En laat ons eerlik wees - al versier mens dit met tekste, bly dit lomp eksegese, want "jy" is nie "ek" nie, en "moet" is nie "mag" nie. (Vgl. ook Gen 9 waar van "Jy mag nie doodslaan nie" na "Ek het die reg om nie doodgeslaan te word nie" geredeneer kan word.)

Die twee is doodeenvoudig nie dieselfde ding nie. Die een erken dat God deur sy Seun die Regter is wat sy skepsele onder sy bevel het, die ander sê dat die mens self 'n reg in homself het - en as jy dan nou moet, om die christene gelukkig te hou, sê dat God dit aanvanklik ingeskape het. Maar laasgenoemde verander niks aan die feit nie. Menseregte is nie uit die Woord gebore nie. En gereformeerde eksegese moet ook nie poog om menseregte van 'n Bybelse basis te voorsien nie. Want dit klink al te bekend. Dit is presies soos om Bybelse regverdiging te soek - en nogal te kry - vir ideologiese apartheid.

## Nasionalisme

So terloops: professor Van Wyk spreek hom (ten regte) uit teen oordrewe nasionalisme. Maar sy menseregte-argumente voorsien pragtig aan die behoefte van regshonger nasionalisme op soek na volksgrond. As mens die "reg het op hulpbronne", waarom moet mens nog bid "Gee ons vandag ons daaglikse brood" as die brood buitendien joune is en as reg jou toekom en al wat moet gebeur, is dat die mense(regte)familie dit moet insien en gee.

## Stappe van verleiding

* As Bybelse gronde vir menseregte gesoek gaan word, kan voorspel word wat gaan gebeur. Daar sal toegelaat word dat fundamentele menseregte as wesenlik deel van die gereformeerde leer begin bely word. Aanvanklik gaan gepoog word om eksegetiese gronde vir menseregte te vind. 'n Ideologie is aanvanklik baie aanpasbaar en verdra die paar Bybeltekste. Maar die aanvanklike onderskeid tussen "liberale, marxistiese en 'n Christelike opvatting van menseregte" is kunsmatig en sal nie enduit gehandhaaf kan word nie.

In 'n menseregtekultuur is Christus nie welkom nie. Al wat belangrik is vir menseregte is die toutrekkery tussen die enkeling se "reg" opgeweeg teenoor die gemeenskap se "reg". Die christelike leer (gereformeerde belydenis) gaan gedegradeer word tot een van vele rolspelers en daar sal al hoe meer druk kom om tog die aanstootlike eksklusiwiteit (dat Christus die enigste Here is) van die gereformeerde leer te verander dat Christus 'n

Here vir die Christene is.

★ Die uitverkiesingsleer gaan in die slag bly. As bely word dat die mens die reg op liefde het (weereens nie: Jy moet jou naaste lief hê nie, maar EK moet deur JOU liefgehê word) gaan dit uiteindelik ook op God toegepas word. Natuurlik word vroom in die begin gestel dat die mens nie 'n liefdesreg van God mag afeis nie (bv. U moet my lief hê, omdat U my gemaak het). Maar ook hierdie klientjie sal doodgelê word. Hoe is dit moontlik om enersyds te bely: "Enkel alleen uit genade geskape en gered" maar andersyds te verklaar "ek het die reg om op 'n sekere manier liefdevol behandel te word - ag en nou dat die gedagte insink - ook God BEHOORT my maar lief te hê, ek het die reg op sy liefde. Ek is nie 'n sondaar nie, maar 'n slagoffer".

★ Die laaste stap van die flankeerdery met menseregte is om nou maar eerlik te sê: alle reg (en onreg) is in my as mens gelê en ek is dapper genoeg om God vaarwel toe te roep - dit was 'n teoretiese denkkonstruksie om te dink dat God die Wetgewer en Regter is. Die mens is sy eie wet, en sy verlossing en vreugde lê in die bevestiging van daardie reg. Hierdie wet (reg) sal red.

## Nog toekomsskuld

Ons in die gereformeerde kerke is nog nie daar nie. Maar ons hoor al die donderweer aanrol. Die kerkleiers met hulle skuldbelydenis het in hierdie opsig oor die menseregte skuldverleiers geword. Hulle het apartheid as ideologie (wat aanvanklik ook verbloem onder tekste gestaan het) ingeruil vir die ideologie van fundamentele menseregte (wat ook nou pragtig versier word met tekste). As ons toelaat dat hierdie parasietiese ideologie van menseregte ontkiem in die gereformeerde teologie, gaan dit net op een plek eindig: Ons gaan ons almal as Christus sien en Christus vir mekaar probeer wees - maar dit is nie die evangelie van Jesus Christus nie.

Ons het met hierdie skuldbelydenis oor apartheid te doen met 'n onheilige ruiltransaksie: apartheid gergond op die Skrif geruil vir menseregte gegrond op die Skrif. As dié pad gevolg word, gaan ons oor 'n paar dekades weer moet bely: Ons is jammer, ons bely ons het nie genoeg getuig, nie getrou genoeg gebid, nie daadwerklik genoeg geglo, nie vurig genoeg liefgehad TOE Bybelse gronde vir die sataniese ideologie van fundamentele menseregte gesoek is nie.

Spaar ons tog so 'n belydenis. Behou die skuldbelydenis oor apartheid, as dit ter wille van die gewete dan MOET, maar - in Christus ons Verlosser se Naam, nie gegrond op sogenaamde fundamtele menseregte nie. Die kerke moet met die evangelie gelei word - ook ná apartheid. Maar hierdie skuldbelydenis is op hierdie punt geen leiding nie - dit is verleiding.

A.L.A. Buys.

Die redaksie van Waarheid en Dwaling het aan Prof. Van Wyk die geleentheid gebied om te reageer, waarvan hy gebruik gemaak het.

## REAKSIE OP DS. A.L.A. BUYS OOR DIE SKULDBELYDENIS

1. Graag bedank ek die redaksie van Waarheid en Dwaling vir die geleentheid om die diskussie oor die Skuldbelydenis op hierdie wyse voort te sit. Ek waardeer ook die feit dat my bona fides aanvaar word asook die toonaard van die reaksie van ds. Buys (voortaan B), behalwe vir die slotgedeelte. Om as 'n voorganger in die GKSA as 'n "verleier" bestempel te word, is nie aangenaam nie.

2. Ek het verder waardering vir die feit dat ons oor 'n hele aantal sake saamstem. Byvoorbeeld dat "ideologiese apartheid 'n sonde is"; dat daar dele van die Skuldbelydenis is (dalk die grootste deel?) wat op die Skrif rus en waarteen geen gelowige "probleme behoort te hê nie"; dat die Skuldbelydenis hom ten regte teen oordrewe nasionalisme uitspreek"; en dat ons die skuldbelydenis oor apartheid (desnoods) kan "behou", maar dan sonder die verwysing na die skending van fundamentele menseregte.

3. Waaroor die verskil gaan, is blykbaar net in een paragraaf, ja, eintlik net in twee woorde vervat, naamlik "fundamentele menseregte". Was dit nie hiervoor nie - dis altans die indruk - dan was die dokument in sy geheel aanvaarbaar. Hieroor graag die volgende.

3.1 Ek begin op die interessante verskynsel te wys dat daar vir baie jare lank - ook deur gereformeerdes - onbevange oor menseregte gepraat is, byvoorbeeld oor besitreg, eiendomsreg, onteieningsreg, stemreg, benoemingsreg, huweliksreg, handelsreg, patentreg, prospekteerreg, outeursreg (op die Bybelvertaling en Psalmberyming!) ensovoorts. Die opkoms van die menseregte-kultuur - en die verabsolutering daarvan deur die humanisme - het die saak natuurlik gekompliseer.

3.2 Voordat ek in 1987 'n studie van menseregte gemaak het - 'n studie waarna B ook verwys - het ek ook skepties daarteenoor gestaan. Eers na 'n behoorlike studie van die onderwerp het dit duidelik geword dat oor hierdie tema genuanseerder gedink moet word - soos ek weldra sal aantoon.

**3.3 Laat** ek dadelik begin deur te sê wat nie onder menseregte verstaan moet word nie en waarmee dit nie verwar moet word nie:

⋆ Menseregte is nie die evangelie van Christus (of 'n deel daarvan) nie, al staan dit wel in verband daarmee; ons word immers nie gered op grond van ons menseregte nie maar uit genade alleen deur die geloof in Christus - al bring daardie geloof bepaalde konsekwensies met hom mee.

⋆ Menseregte is geen (ook nie bedekte) poging om "die klem van God na die mens te verskuif" nie.

⋆ Menseregte is nie regte wat die mens "in homself" het nie.

⋆ Menseregte (in hierdie gesprek) is nie uit een of ander handves ontwikkel nie maar word teologies benader.

3.4 Die volgende belangrike aspekte moet ten opsigte van menseregte verreken word:

⋆ Enige teoloog weet dat die konteks waarin 'n saak ter sprake kom, van deurslaggewende belang is. Dit maak 'n baie groot verskil, so het ek in my artikel aangevoer, of 'n saak (soos menseregte) in 'n Christelike dan wel humanistiese konteks benader en verstaan word. "Selfs al sou daar op bepaalde punte ooreenstemming wees [het ek aangevoer], dan nog bly daar groot verskille ten opsigte van onder andere fundering, inkleding, middele en motivering." Behandel binne 'n humanistiese konteks, kan ek die kritiek van B goed begryp en grotendeels daarmee saamstem, maar bekyk in Christelike konteks lyk die prent totaal anders.

⋆ Ek het reeds vermeld dat die menseregte nie inherent aan die mens is of aangebore is nie. Hierteenoor het ek in my artikel beklemtoon dat menseregte deur God geskonke en verleende regte is. "In sy verhouding tot God besit die mens geen regte nie, maar slegs voorregte, in sy verhouding tot sy medemens besit hy egter Godgegewe regte." God gee aan my die reg om te mag lewe, om te mag trou, om te mag stem, om eiendom te mag besit - en niemand mag daardie regte wederregtelik van my wegneem nie.

⋆ Menseregte is in 'n groot mate 'n staatsregtelike begrip en is daarop gemik om staatsabsolutisme te voorkom. 'n Regering mag nie op arbitrêre of tirannieke wyse teenoor sy onderdane (veral minderhede) optree nie aangesien hulle regte as burgers wetlik verskans is. Watter beter alternatief teen magsmisbruik deur diktature sou B wil aanbeveel?

3.5 In my aanvaarding van menseregte as staatregtelike ordereëling bevind ek my in goeie geselskap. Die twee bekwaamste gereformeerde etici oorsee, naamlik WH Velema en J Douma, asook plaaslike etici soos JA Heyns, WD Jonker en DA du Toit aanvaar dit almal - maar vanuit 'n Christelike benadering. 'n Beroep op outoriteite is natuurlik nie 'n deurslaggewende argument nie, maar dit gee dikwels 'n indikasie in watter rigting 'n oplossing gesoek moet word.

3.6 Natuurlik kan van menseregte - soos van apartheid - 'n ideologie gemaak word en kan dit verabsoluteer word - soos in die humanisme inderdaad gebeur. Maar het ons dit in die Skuldbelydenis selfs maar by implikasie probeer doen?

3.7 In sy reaksie verwys B daarna dat ek in my artikeld die uitspraak van die GKSA Sinode 1985 aanhaal waarin ons Sinode die besluite van die GES 1983 aanvaar as "'n unieke en waardevolle bydrae vanuit suiwer Gereformeerde standpunt". Ons Sinode het menseregte, maar dan Bybels benader, gesien as in lyn met ons Gereformeerde standpunt. B se beswaar teen menseregte is dus nie teen my gerig nie, maar teen die Sinode, dit wil sê teen al die Gereformeerde kerke in Suid-Afrika. En omdat ons leef in 'n tyd waar heftig beswaar gemaak word teen predikante en kerke wat sinodale besluite ignoreer, rus daar 'n groot verantwoordelikheid op B om nie die pad van independentisme op te gaan nie maar om die Sinode (nogmaals) te probeer oortuig dat sy besluit oor menseregte verkeerd is.

4. Samevattend meen ek dat B in sy benadering 'n gebrek toon aan behoorlike onderskeiding van die dinge waarop dit aankom en dat hy daarmee die kind met die badwater uitgooi.

5. Leier of verleier? Dis 'n (groot) oordeel wat ek graag aan die Here God oorlaat.

**Prof. J.H. Van Wyk** (Teologiese Skool Potchefstroom, Dogmatologie).

⋆ ⋆ ⋆

## SKRIFOORDENKING

### Die reg van 'n mens kom van die Here

"Daar is baie wat die aangesig van die heerser soek, maar die reg van 'n mens kom van die HERE" Spreuke 29:26

Ou Testamentiese konings - so lees ons dit by herhaling - het mag. Baie mag. Mag om oë toe te knyp of die kwaad toe te smeer. Maar ook mag om in blinde woede te vernietig. As die koning

vrolik is, kan die volk daarby baat vind. Maar as die koning toornig word, is dit asof 'n jong leeu brul. Ooreenkomstig sy gemoedstoestand word daar vonnisse uitgespreek. Die een keer gunstig. Die ander keer ongunstig. Die koning bepaal die toekoms van sy onderdane.

Van so 'n koning maak die Spreukedigter hier melding. Hy noem die koning 'n heerser. Geen koning wat in diens van die HERE, die Koning van die konings, staan nie, maar 'n despoot. 'n Koning wat nie weet vanwaar hy sy gesag ontvang en aan Wie hy verantwoording oor die bediening van sy koningsamp moet doen nie.

## Die aangesig van die heerser

Dit is nie vreemd dat die onderdane hulle heerser-despoot-koning vrees nie. Wee die mens wat in 'n vertoornde koning se pad staan. Dit is van lewensbelang om die guns van die koning te wen en te behou. Vandaar die spreuk: "Daar is baie wat die aangesig van die heerser soek." Die Hebreeuse teks stel dit eintlik sterker: "Die oorgrote meerderheid (letterlik: 'n groot menigte; 'n menigte in die oortreffende trap) is voortdurend op soek na die aangesig van die heerser."

Twee dinge val op. Die onderdane van 'n heersende despoot soek die guns van hulle koning. Ook al is sy optrede hoe verkeerd en vol onreg, sal hulle bly streef om in sy goeie boekies te wees. Min onderdane verset hulle teen die willekeur en onreg van die heerser. Uit vrees vir vernietiging sal baie toegee onder die druk van die despoot.

## Die aangesig van die HERE

"Maar die reg van 'n mens kom van die HERE": so lui die spreuk verder. 'n Radikale teenstelling wat sowel die koning as die volk aanspreek. Op die verbondserf mag die koning hom nie skuldig maak aan willekeurige oorheersing nie. Die HERE bepaal wat reg en wat verkeerd is. Daarvolgens moet die koning optree. Die volk mag die guns van die koning nie soek as hy die reg van die HERE verdraai nie. Inteendeel, hulle moet bereid wees om die reg van die HERE te proklameer en te handhaaf as die koning daarvan sou afwyk.

## Reg besit of reg bedien?

Die teenstelling wat die Spreukedigter maak, is baie skerp. Die heidenkoning sê: ek het 'n reg om te maak soos ek wil. Ek besit reg en eis dit vir myself op. Die verbondskoning moet sê: ek bedien die HERE se reg soos Hy wil. Die heiden-onderdane sê: ter wille van oorlewing onderwerp ons ons onvoorwaardelik aan die reg wat die koning opeis, ook al doen hy onreg. Die verbondsvolk moet sê: ons onderwerp ons aan die reg van die HERE wat die koning bedien. Maar as die koning nie die reg van die HERE bedien nie, beroep ons ons op die HERE van Wie die reg kom. "Doen aan my reg, o God, en verdedig my regsaak" (Psalm 43:1).

## Die reg van die mens

Vandag is daar ander regeerders as in die dae van die Ou Testament. Ook ander onderdane. En ander wette. Ons het 'n grondwet wat die reg van die mens beskerm. Ons het die onderdane met 'n demokratiese inspraak. Ons het maghebbers wat praat oor deursigtigheid en deelnemende regering. Alles het verander - so lyk dit.

Maar het dit ? Is die spreuk wat sê: "Daar is baie wat die aangesig van die heerser soek" in ons menseregte-milieu verouderd?

Die werklose man het volgens die grondwet 'n reg: 'n reg om te werk. Sy werklose buurman het eweeens 'n reg: dieselfde reg om te werk. Gelyke regte. Die werkgewer het 'n reg: 'n reg om iemand aan te stel om vir hom te werk. Die dilemma is voor die hand liggend: wie se reg word eerbiedig deur aangestel te word, en wie se reg word gekrenk deur nie aangestel te word nie? Wie gaan besluit oor die regskrenking? Watter regter, in watter hof, gaan die uitspraak gee? Wie is die nuwe heerser wie se aangesig deur baie gesoek gaan word?

## Die reg van die HERE

Daar is baie nuwe heersers wie se aangesigte gesoek word vir die opeising van mensereg. Regters in konstitusionele howe wêreldwyd. Ombudsmanne. Arbiters. Kommissies van ondersoek. Almal werktuie in diens van die veeleisende mensereg. Die menslike willekeur van enkele honderde jare gelede duur onverpoosd voort. Die menigte dink dat hulle op hulle regte staan. Inderwaarheid swaai die regter die septer.

Daarteenoor staan die oproep tot Godsvrees onveranderd: die reg van 'n mens kom van die HERE. Dit beteken: op hierdie aarde is daar slegs een reg - die reg wat die HERE in sy Woord vir die totale samelewing neergelê het. Een reg wat bedien moet word deur die owerhede, deur die regters, deur vaders en moeders, deur werkgewers, deur onderwysers. Een reg waarop 'n beroep gedoen moet word as dit deur die regmatige bedienaar verontagsaam word. Dit is geen reg wat 'n mens in homself het of vir homself kan opeis nie. Dit is die HERE se reg wat deur elke mens eerbiedig moet word.

**Ds. G.J. Meijer** (Ermelo).

## OP PAD NA SINODE 2000

### Die kerkraad en meerdere vergaderings

Die vraag wat die Skrif en die belydenis oor die regering en eenheid van die kerk leer, is in twee vorige artikles kernagtig beantwoord. Christus vergader sy kerk plaaslik. Hy regeer sy plaaslike kerke deur die middel van die ouderlinge wat saam die kerkraad vorm. Die kerkraad is volgens Skrif en belydenis die enigste kerklike bestuursliggaam. Hy bedien die mag van die Kerkhoof. Die Skrif beklemtoon sowel die selfstandigheid van elke plaaslike kerk as die verbondenheid van die kerke. Die gesamentlike verbondenheid met die Here behels die opdrag om in onderwerping aan Hom saam te lewe.

Hierdie artikel skenk kortliks aandag aan die streeksgewyse samelewing van kerke. In direkte aansluiting daarby word in die raamwerk van hierdie reeks artikels op die verhouding van die kerkraad en die meerdere vergaderings gefokus.

### Streeksgewyse samelewing van kerke

Plaaslike kerke word in die Skrif soms saam aangespreek. Ook doen verskeie plaaslike kerke enkele dinge saam. Dit geskied in baie gevalle ressorts- of streeksgewys. Ons lees byvoorbeeld van die gemeentes in Asië (1 Kor 16:19, Op 1:4) en die gemeentes van Galasië (1 Kor 16:1; Gal 1:2), die kerke van twee landstreke in die huidige Turkye, asook van die gemeentes van Macedonië (2 Kor 8:1-5), 'n ressort in Griekeland.

Op grond van hierdie en ander soortgelyke Skrifgegewens reël ons kerkorde die samelewing van kerke ressortsgewys. Artikel 41 omskryf die klassis as "'n vergadering van naburige kerke". In 'n partikuliere sinode kom kerke uit verskeie naburige klassikale ressorte byeen. Die nasionale sinode is volgens die oorspronklike Dordtse kerkorde die vergadering van al die kerke in die land. Die samelewing met die kerke buite die nasionale verband word deur kerklike korrespondensie onderhou (KO, art. 52).

Streeksgewyse samelewing van kerke berus op die bogenoemde an ander skriftuurlike voorbeelde. Die klassis, partikuliere, nasionale en algemene sinode is die meerdere vergaderings. Die woord "meerder" beteken nie dat die kerke in wyer verband steeds meer mag en gesag het nie. Nee, 'n meerdere vergadering is 'n vergadering waarin meer kerke saamkom.

### Wyse van samekoms?

Die vraag kom na vore: Op watter manier kom kerke in 'n meerdere vergadering byeen? Daar word op hierdie prinsipiële vraag uiteenlopende antwoorde gegee. Die een sê: 'n Meerdere vergadering is 'n regeerkollege, 'n bestuursliggaam. Ander beskou die meerdere vergadering as 'n vergadering van ampsdraers of 'n uitgebreide kerkraad. Nog ander meen dat die kerke deur afgevaardigdes in meerdere vergaderings saamkom.

Watter oortuiging is reg? Kom ons toets al drie standpunte aan die norme vir kerkregering wat in die vorige twee artikels uit die Skrif en belydenis aangevoer is.

### 'n Bestuursliggaam?

Die standpunt dat die meerdere vergadering 'n bestuursliggaam is, hang onlosmaaklik saam met die oortuiging dat die Here een land- of wêreldwye kerk vergader. Plaaslike gemeentes is op hierdie standpunt slegs parogieë, onderafdelings van die land- of wêreldkerk, die sogenaamde algemene kerk (sien vorige artikel hieroor). Die Roomse kerk is so 'n wêreldkerk. Die pous en kardinale beklee die hoogste gesag. "Papa locuta, causa finita": As die pous gepraat het, is die saak finaal afgehandel.

Voorstanders van die landskerk met sy gemeentes as onderafdelings verskil nie prinsipieel van die Roomse oortuiging nie. Synodus locuta, causa finita: as die sinode besluit het, is die saak bindend. Alle onderafdelings van die kerk, die gemeentes, is verplig om die besluit gehoorsaam uit te voer. Besware teen sinodebesluite mag ingebring word, maar TOTDAT 'n sinode die besware aanvaar, moet die besluit waarteen beswaar gemaak is, uitgevoer word.
Die oortuiging dat die kerk se hoogste gesag by die pous of by 'n sinode berus, is in stryd met die Skrif wat slegs een kerklike bestuursliggaam leer, die kerkraad (vgl. NGB, art 30). Om hierdie rede moet die standpunt dat 'n meerdere vergadering 'n bestuursliggaam is, afgewys word.

### 'n Vergadering van ampsdraers?

Aanhangers van die standpunt dat 'n meerdere vergadering 'n vergadering van ampsdraers is, beroep hulle op die kerkorde. Die kerkorde bepaal immers dat die meerdere vergaderings uit bedienaars van die Woord en ouderlinge bestaan (art. 41, 47, 50, 51). Op hierdie standpunt is 'n meerdere vergadering 'n uitgebreide kerkraadsvergadering.

Die oortuiging dat die meerdere vergadeing 'n uitgebreide kerkraadsvergadering is, stem nie ooreen met die skriftuurlike beperking van ouderlinge se gesag tot die plaaslike kerk nie (sien eerste artikel van hierdie reeks hieroor).

Oorskryding van kerkraadsgesag buite die grense van die plaaslike kerk gaan teen die Skrif in en verswak die kerke in hulle verweer teen die dreigende gevaar dat die sinode as 'n opperkerkraad gaan funksioneer. 'n Opperkerkraad waaraan - soos in die 'landskerke' - die hoogste kerklike bestuursmag toevertrou word.

Die mening dat die meerdere vergadering 'n vergadering van ampsdraers en sodoende 'n uitgebriede kerkraadsvergadering is, kom nie ooreen met die Skrif en die belydenis nie (NGB, art 30) wat die gesag van die bedienaars van die Woord en ouderlinge uitdruklik beperk tot die plaaslike kerk waarin hulle dien. Daarom moet ook die oortuiging dat die meerdere vergadering 'n uitgebriede kerkraadsvergadering is, afgewys word. 'n Meerdere vergadering is 'n vergadering nie van kerkrade nie, maar van kerke KO, art 41).

## 'n Vergadering van afgevaardiges?

Die standpunt dat die meerdere vergadering 'n vergadering van afgevaardigdes is, berus op die oortuiging dat die gesag van die ouderlinge (met insluiting van die predikante) beperk is tot die plaaslike kerk wat hulle bedien. Hierdie beperkte gesag van ons besondere ampsdraers word in die Skrif geleer en is derhalwe in die belydenis beaam en in die kerkorde verwerk. Dit is in die eerste artikel van hierdie reeks aangetoon.

Broeders wat buite die plaaslike kerk in die wyer kerkverband take verrig, word volgens die Skrif na goedkeuring of verkiesing deur die plaaslike kerk gestuur (1 Kor 16:3). Hierdie arbeid verig hulle nie as ampsdraers wat die plaaslike grens van hulle bevoegdheid oorskry nie, maar as afgesante van die gemeentes (2 Kor 8:23), as afgevaardigdes (Fil 2:25). Gestuurdes, afgesante, afgevaardigdes: drie woorde wat dieselfde saak aandui. 'n Afgevaardigde kry 'n welomskrewe opdrag om 'n spesiale taak uit te voer.

Toe die kerk in Antiochië 'n aantal broeders met beperkte opdrag na die apostels en ouderlinge in Jerusalem afvaardig (Hand 15:2), wou Paulus aanvanklik nie gaan nie. Hy was immers 'n apostel wat unieke, eenmalige gesag met die oog op stigting van kerke gehad het. Apostelbevoegdhede het tog oor die grense van plaaslike kerke heen gestrek. 'n Apostel mag tog nie as 'n ouderling met beperkte plaaslike gesag behandel word nie.

Die Here wil egter dat sy dienskneg in hierdie geval die roeping van afvaardiging opvolg en as mede-ouderling met beperkte plaaslike mag optree (vgl. 1 Pet 5:2). Die geskil in Antoichië het al die kerke waarin Jode- en heiden-Christene opgeneem is, geraak. Dit was 'n saak wat by al die toenmalige kerke tuisgehoort het en dus nie in een kerk (Antiochië) afgehandel moes word nie.

Paulus vertel self oor sy afvaardiging deur die kerk in Antiochië. "Ek het na Jerusalem opgegaan met Barnabas en Titus ook saamgeneem. Maar (teen my aanvanklike oortuiging dat ek as apostel geen afvaardiging met beperkte opdrag mag aanvaar nie) ek het opgegaan op grond van 'n openbaring" (Gal 2:1-2). Die Here het in 'n besondere openbaring vir die apostel te kenne gegee dat hy hom moes laat afvaardig.

Afgevaardigdes van kerkrade na meerdere vergaderings is in ooreenstemming met die voorbeelde in die Skrif en so vaardig gereformeerde kerkrade broeders na die meerdere vergadering af (KO art. 41, 47, 50, 51). Afgevaardigdes het nie bevoegdheid om te regeer nie. Ons kerkrade vaardig predikante en ouderlinge af, nie as besondere ampsdraers wat bevoegdheid ontvang om buite die grense van plaaslike kerke regeermag uit te oefen nie, maar as broeders wat genoegsame kennis van sake het om saam met ander afgevaardigdes kerklike sake in opdrag van die kerke te behandel.

Die oortuiging dat meerdere vergaderings vergaderings van kerke deur afgevaardigdes is, stem ooreen met die norme vir kerkregering. Hierdie beginsel eerbiedig die beperking van die gesag van die kerkraad tot die plaaslike kerk. Hierdie beginsel eerbiedig ook die selfstandigheid van die plaaslike kerke en die Skrifopenbaring oor die enigste kerklike bestuursliggaam: die kerkraad.

## Lasgewers en lashebbers

Meerdere vergaderings is vergaderings van afgevaardigdes. Die kerkraad is en bly die enigste regeerliggaam in die kerk. Dit beteken: Kerkrade is die lasgewers van die meerdere vergaderings. Die afgevaardigdes na die meerdere vergaderings is die lashebbers. Diegene wat opdragte ontvang (die lashebbers) moet na afhandeling van hulle opdragte verantwoording aan die opdraggewers (die lasgewers) doen. Die kerkrade, die regeerders wat afgesante stuur, behoort die werksaamhede van die afgevaardigdes, die gestuurdes, te beoordeel, na beoordeling goed of af te keur en nog meer kerklike handelinge te verrig.

Die proses van kerkraadshandelinge met betrekking tot die besluite van meerdere vergaderings word kerkregtelik ratifikasie genoem. Die volgende artikel waarmee hierdie reeks afgesluit word, handel oor ratifikasie, die vraag wat kerkrade en lidmate met besluite van meerdere vergaderings behoort te doen.

Dr. J.G. Meijer (Pretoria)

# Grondslae

*van*

# Die Gereformeerde Persvereniging Veritas

★ *Die vereniging stel as noodsaak die terugkeer na die Woord van God, as gevolg van die algemene verval en die afwyking vanaf God se Woord, op al die verskillende lewensterreine.*

★ *Die grondslag van die vereniging is die Woord van God, die Bybel, soos vertolk deur die gereformeerde belydenisse, onder andere die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls.*

★ *Die doel van die vereniging is om hoofsaaklik deur die geskrewe woord die volle waarheid van God se Woord uit te dra.*

## WAARHEID EN DWALING

Maandblad van die Gereformeerde Persvereniging Veritas

Prof./Dr./Ds./Mnr./Mev./Mej. ..........................................

Adres:..........................................

..........................................

..........................................

Poskode:..........................................

Intekengeld: R36,00 Per Jaar (Voorlopig)

Vrywillige Donasie:..........................................

Datum:.......................... Handtekening:..........................

Stuur u inskrwyingsvorm aan:

Die Redaksie/Administrasie
P/a Ds. A.L.A. Buys
Waarheid en Dwaling
Posbus 525
Piet Retief
2380

Of skakel: P.S. Steenkamp: 01782 - 2496 N/u

GEDRUK DEUR PIET RETIEF DRUKKERS

UITGEGEE DEUR: GEREFORMEERDE PERSVERENIGING VERITAS